# Die Gewone Dinge Maak Saak

## Gedagtes uit Die Boek Miga

Louis Nel



Gaan Na Inhoud

# Die Gewone Dinge Maak Saak

## Oordenkinge oor Miga

Louis Nel

Januarie 2021

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

houd

# Inhoud

1 Die Boek Miga

2 Miga van Moreset

3 Die Regter is Op Pad

4 Die Hof is in Sitting

5 Sakemanne aan die Beurt

6 Ds. Miga se Kruis

7 Regters

8 Oor die Profete

9 Materialisme - die Monster

10 Vrede kom!

11 Dinge Sal Beter Word

12 Die Nuwe Koning

13 Dou in die Dor Woestyn

14 God se Groot Genade

15 Korrupsie

16 Geen Gelowiges Oor Nie?

17 God is Genadig

# Die Boek Miga

## Miga Inleiding

**[Video]** - **[Oudio]**

Die een groot vraag oor die Bybel is, wat wil die Here graag by my tuisbring wanneer ek Sy woord lees? Het jy al mooi hieroor gedink? Een moontlike antwoord is, dat die Bybel my wil vertel oor my verhouding met God, met ander woorde, hoe om in die regte verhouding met Hom te kan kom staan. Dit gaan dus oor my geestelike lewe.

Dit is natuurlik nie al waaroor die Bybel gaan nie, en hierdie is maar net gedeeltelik waar, want die Bybel gaan oor baie meer as net my geestelike lewe. Dit gaan oor my totale lewe! Vat byvoorbeeld die boek Hooglied: hierdie boek handel oor jou liefdeslewe. Hooglied is ‘n baie besonderse gedig wat die liefde beskryf tussen ‘n man en vrou.

Die profeet Miga skryf oor die doodgewone, alledaagse dinge van die lewe, daardie goed

wat elke dag gebeur by jou werk, daar waar die sakelui besigheid bespreek, slim planne maak en saketransaksies afhandel. Maar in dieselfde asem skryf Miga ook oor God, oor wat Sondagoggend in die erediens gebeur en allerhande geestelike dinge. Wanneer ons Miga begin lees, sien ons hoedat die doodgewone alledaagse dinge verweef is met ons geestelike lewe. Gewone goed word terselfdertyd ook geestelike dinge.

Ek wil so graag my Sondaglewe skei van my Maandaglewe. Sondagoggend sit ek my heilige gesiggie op wanneer ek kerk toe gaan. Maandag by die werk is dit egter ‘n totaal ander prentjie! Miga wil dit by ons tuisbring dat hierdie twee onlosmaaklik inmekaar geweef is.

Die profeet Miga het nie alleen oor die huidige lewe geskryf nie, maar ook oor die toekomstige. Hy waarsku oor God se oordeel maar terselfdertyd vertel hy ook van God se groot genade en vergifnis.

Miga het geleef in ‘n tyd waar konflik en

spanning geheers het in Juda en Israel, asook die nasies rondom hulle. Ons moet onthou dat die volk in daardie tyd verdeel was in twee, die Tienstammeryk oftewel Israel, en die Suidryk oftewel Juda. Terselfdertyd het die Assiriese ryk ‘n opgangstydperk beleef, wat verdere spanning veroorsaak het. Omdat Israel nie onder die juk van Assirië wou staan nie, tree hy in koalisie met Damaskus. Hulle probeer Juda oorreed om ook in hierdie koalisie ingesluit te word om hulle sterker te maak, maar Juda, onder die regering van koning Jotam het geweier. Gevolglik besluit Israel om Juda aan te val. Intussen raak die Edomiete en Filistyne ook vir Juda ‘n groot bedreiging, en onder koningskap van Jotam se opvolger, Agas soek Juda hulp by Assirië. Israel word deur Assirië aangeval en uiteindelik word hulle dan deel van die Assiriese ryk. Baie Israeliete word in ballingskap weggevoer, en stede word verwoes.

Die uiteinde was tragies, want Assirië se hulp

aan Juda het veroorsaak dat hy nou ook onderdanig moes word aan Assirië. Die ergste was egter dat Juda boonop ook onderwerp was aan die Assiriese godsdiens. Hulle was gedwing om hierdie afgodediens te erken. Boonop moes hulle swaar belastings aan die Assiriërs betaal. Nadat die staatskas gestroop was, word die tempelskatte geneem om te betaal vir die Assiriërs se geldsug. Baie gou het sedelike agteruitgang asook ‘n morele verval gevolg. Korrupsie het oral ingesypel, selfs in die regstelsel en die profetediens. Hierdie sogenaamde “manne van God” het slegs geprofeteer om hulle eie belange te beskerm.

Dit is onder hierdie tragiese omstandighede wat die profeet Miga moes preek en die Woord van God bring aan die nasie.

Miga het egter nie wanhoop gebring deur sy prediking nie. Hy het nie gesanik, “Alles is verlore!” nie. Hy het eerder probeer wys dat God groot is. Hy het die absolute grootheid en almag van God besing om sodoende die

volk vir God te laat raaksien. Hy wou hê dat die volk moes sien dat God beslis nie onbetrokke was nie. Inderdaad was Hy intens betrokke by Sy volk. Dit was vir God baie belangrik wat met hulle sou gebeur. Hy het omgegee vir hulle, al het hulle in sonde verval. Ja, natuurlik het Hy nie goedgekeur wat hulle gedoen het nie, en Hy het hulle sonde veroordeel. Maar Hy is ook oneindig genadig, en Hy is bereid om te vergewe.

Miga wou terselfdertyd ook probeer om die volk te inspireer om hulle medemens raak te sien. Hy praat oor al die verskillende vlakke van die samelewing: sakemanne, regters en die kerk. Alles wat daar gebeur is ewe belangrik. En hy spreek ook ‘n euwel aan wat selfs vandag in 2021 steeds vir baie groot probleme sorg - materialisme.

As dit dalk vir jou klink asof die boek Miga net gaan oor oordeel en sonde en alles wat sleg en verskriklik is, maak jy ‘n groot fout. Miga is ‘n tydlose boek, en laat ons ook vorentoe kyk, diep in die toekoms in. Hy lig

die sluier oor ‘n wonderlike toekoms en ‘n ewigdurende vrede - vrede onder ‘n nuwe Koning wat nie feilbaar is soos die aardse konings van Miga se tyd nie. Omdat Miga tydloos is, is die boek uiteindelik dan vandag vir jou en my óók steeds ‘n boek van hoop.

Gebed:

Here, my gebed is dat U ons oë sal oopmaak vir die wonderlike hoop wat Miga ons bring.

# Miga van Moreset

## Miga 1:1

**Video - Oudio**

Is dit ooit belangrik om die eerste paar lyntjies van ‘n Bybelboek te lees? Dis gewoonlik mos maar net ‘n groet of iets! Niks belangrik nie…...

Dikwels is daar baie meer opgesluit in so ‘n inleiding as wat dit op die oog af lyk. ‘n Enkele paar woorde kan dikwels ‘n groot klomp inligting bevat, wat dalk baie belangrik kan wees. Dit kan jou inligting gee oor die skrywer, die tyd waarin die boek geskryf is, aan wie dit gerig is, en selfs waaroor die boek gaan.

So lees ons net so terloops sommer verby die inleiding van Miga se brief, en dink nie eers verder daaraan nie. Maar kom ons gaan kyk ‘n bietjie in diepte wat in hierdie eerste niksseggende lyntjies staan en dan besin ons oor die implikasies van hierdie inleiding.

Die héél eerste ding wat my opval is die eerste vier woorde: “Die Woord van die Here....” Miga maak doodseker dat hy nie met allerhande tierlantyntjies begin nie, maar dat elke leser wat hierdie boek optel reg van die eerste woorde af sal weet dat dit nie die profeet Miga is wat hierdie dinge kwytraak nie. Dit is nie maar ‘n paar gedagtetjies wat hy gehad het oor die lewe nie. Inteendeel: Wat in hierdie boek staan is die Woord van die Here wat hom gedring het om alles op te teken. Die Heilige Gees het dus hierdie dinge vir Miga op die hart gelê. Wanneer ons dus lees van veroordelings en teregwysings, mag ons dit nie ligtelik opneem nie, want dit is God se Woord wat tot die leser spreek. En ons mag dit ook nie afmaak as iets wat Miga vir Samaria en Jerusalem alleen geskryf het nie, want God se Woord is tydloos en ewig, en die blote feit dat hierdie profetiese werk as deel van die Bybel opgeneem is, sê vandag vir ons dat ons deeglik kennis moet neem van wat hier geskryf is, en dat ons ook ons eie lewens daaraan moet gaan toets.

Eerstens is dit seker belangrik dat ons darem moet weet wie Miga nou eintlik was. Al wat hierdie profeet van homself sê, is dat hy Miga van Moreset is. Dit beteken natuurlik nie dat hy in Moreset was toe hy die boek geskryf het nie, maar dit beteken dat hy van Moreset afkomstig was. Ons sien dit dikwels in die Bybel, byvoorbeeld Simon van Serene. Daar was ‘n paar manne met die naam Simon (onder andere Simon Petrus), en deur sy naam te koppel aan die dorp van sy herkoms, onderskei hy hom van ander mense met dieselfde naam. Miga het sy uitsprake gemaak in Jerusalem. Die naam Miga beteken: “Wie is soos die Here?” Moreset was ‘n dorpie sowat veertig kilometer suidwes van Jerusalem.

Van die profeet self weet ons eintlik niks nie. Hy skryf nie oor homself nie, en elders in die Bybel word daar maar min oor hom geskryf. Daar is slegs enkele aanhalings uit sy boek, soos byvoorbeeld Matteus 2:6, waar van sy profetiese woorde oor Jesus aangehaal word. Dan is daar ook ‘n verwysing na Miga

deur Jeremia (Jeremia 26:18) waar hy sê dat Miga voorspel het dat Sion soos ‘n land omgeploeg sou word en dat Jerusalem ‘n puinhoop sou word.

Dit gaan met ander woorde in hierdie boek gladnie oor Miga nie, maar oor wat God aan hom openbaar het. Dikwels lees ons in ‘n boek se voorwoord hoe die skrywer opgehemel word. Hier is dit baie beslis nie die geval nie. Miga bly totaal op die agtergrond, dit is die saak wat vir hom voorop staan.

As ons verder na die inleiding van die boek kyk, sien ons dat Miga dit wat hy geskryf het, koppel aan ‘n spesifieke tydperk in die geskiedenis. Daar was spesifieke konings wat in daardie tyd regeer het, naamlik Jotam, Agas en Hiskia. En dit gaan oor spesifieke plekke soos Samaria en Jerusalem. Dit was nie sommer profesieë wat in die lug gehang het nie, dit was werklikheid - historiese situasies. God se Woord is nie iets wat in die lug hang, ver verwyder van ons mense af

nie. Sy Woord is konkreet, vir spesifieke mense en spesifieke omstandighede.

Verder moet ons ook besef dat God se Woord tydloos is, net soos God Self, en daarom het dit ook net soveel betrekking op ons eie spesifieke omstandighede vandag, 2700 jaar later. Wanneer ons dus hierdie boek lees, sal dit beslis vandag vir my en jou iets sê oor ons eie lewens en omstandighede.

Verder kan ons ook uit hierdie inleiding sien dat die boek ‘n spesifieke gerigtheid het. Dit gaan oor die hoofstede van die Noordryk (Samaria) en Judea (Jerusalem). Wanneer die hoofstad van ‘n land aangespreek word, dan het dit betrekking op die hele land, want die land word beheer vanuit die hoofstad. Miga spreek met ander woorde die twee koninkryke aan wat onder die regering staan van die Israeliete.

En omdat hierdie ‘n tydlose profesie is, spreek dit vandag ook vir Suid-Afrika aan, en almal wat in hierdie land woon. So ook

Australië en Brittanje, of waar jy ookal mag woon.

Kom ons neem die Woord van God ter harte en luister wat Miga, die woordvoerder van die Heilige God vir ons wil sê.

Gebed:

Here, dankie vir U heilige Woord wat tydloos is. Maak asseblief my hart oop om ontvanklik te wees vir U Woord.

## Die Regter is Op Pad

## Miga 1:2-5

**Video - Oudio**

Met bewende hande het ek die boek Miga oopgemaak om daaruit ‘n reeks dagstukkies te skryf. Ek was bang, en ek het die Here gevra of ek nie liewer ‘n ander, makliker boek kon kies nie. Maar Hy het daarop aangedring dat Miga die boek is. Wat gaan dit vir my en jou oplewer? Ek het my oë oor die bladsye laat gaan, en al wat ek kon sien was oordeel, oordeel en nogmaals oordeel. Die Here het vir my gesê: “Kyk dieper!” En toe sien ek dit - tussen die oordele lê kosbare juwele verskuil.

In die eerste paar verse staar jy jou blind teen vrees vir die oordeel van God. Maar kom ons gaan kyk mooi na die beeld wat Miga vir ons daar skilder.

Ons sien ‘n hofsaal. Dit is die hooggeregshof, en die spanning loop baie hoog, want almal wag vir die koms van die Regter en die

Aanklaer. Wat gaan vandag in hierdie hof gebeur? Elkeen wat daar sit voel skuldig, want hierdie Regter is die grootste van alle tye. Die hofsaal waar ons sit het ‘n heilige atmosfeer. Almal is te bang om selfs te fluister, want dit kan die heiligheid van die ontsagwekkende hofsaal skend.

En dan gaan daar ‘n gefluister deur die saal: “Die Regter het Sy kantoor verlaat! Hy is op pad na die hofsaal!”

Miga beskryf die aankoms van hierdie Regter as asemrowend, indrukwekkend. Wanneer Hy die heiligheid van Sy “kantoor” verlaat om af te kom, smelt die berge weg voor Hom, want Sy heiligheid straal uit in ‘n gloed wat alles voor Hom verteer. Miga beskryf hoe Hy oor die hoë plekke van die aarde kom. In my gedagtes sien ek Hom aankom oor die Alpe en die Himalayas. Die vreesaanjaende Mount Everest, wat al soveel lewens geëis het omdat hy haas onklimbaar is, is vir hierdie Regter maar soos ‘n klippie onder Sy voet. Wanneer Hy daaroor beweeg, smelt die

graniet en sneeu weg voor Sy heiligheid. Soos was wat in ’n warm vuur gegooi word wegsmelt, so smelt die berge en loop soos water teen die hellings af. Die valleie skeur oop en verkrummel voor die almag van die Regter wat op pad is.

Vir die ongelowige moet dit ‘n angswekkende gesig wees, want hy weet wat dit alles vir hom gaan inhou. Maar vir my as gelowige vul dit met ontsag, bewondering, aanbidding. Die absolute grootheid, almag en heiligheid van die Regter vul my nie met vrees nie maar ‘n asemrowende verwondering. Wanneer ek Hom maar hoor aankom wil ek neerval in aanbidding en lofbetuiging, want ek weet dat Hy op pad is om al die onreg aan te spreek.

Maar dit vul my ook met dankbaarheid en nuwe ontsag, want skielik besef ek dat Hy nie maar net ‘n God is wat daar bo in die hemel iewers is waar niemand Hom kan sien nie. Hy is nie onbetrokke by die dinge wat hier op die aarde gebeur nie. Hy is persoonlik, intens betrokke by alles wat hier

onder aangaan!

Nou bereik die spanning in die groot, weelderige hofsaal breekpunt, want die Regter het aangekom. Die glans van Sy heiligheid vul die ganse hofsaal van hoek tot kant soos ‘n heerlike geur. En dan gebeur die verrassende: Die Regter gaan neem die plek in waar die aanklaer gewoonlik staan. Hierdie Regter is tegelykertyd ook die Aanklaer. In enkele woorde stel Hy die aanklag. Maar hierdie aanklag laat almal in die hofsaal na hulle asems snak, want die beskuldigdes is nie soos wat almal verwag, die Assiriërs of die Filistyne nie. Die beskuldigdes is nie die goddelose - diegene wat moor en roof en die ganse wêreld in rou dompel nie. Die aanklag kom teen “Jakob”. Nie die persoon van Jakob nie, maar sy afstammelinge, die volk Israel. Dit gaan oor die ontrou van Sy volk, die volk van God.

Niemand het dit verwag nie. Almal is uit die veld geslaan oor wie beskuldig word. Skielik is dit die klaer wat sy plek moet inneem in die

beskuldigdebank. “Maar wat het ek dan gedoen?” hoor ons amper die beskuldigde protesteer.

Waarom is dit juis Israel, die volk van God wat eerste voor die regterstoel moet staan? Die antwoord is eintlik voor die hand liggend. Deur die eeue het God baie moeite gedoen met hierdie volk. Hulle het voorkeurbehandeling gekry reg van dag een af. Wanneer hulle gesondig het, is hulle nie uitgedelg nie, maar het God hulle uit Sy groot genade elke keer weer ‘n kans gegee. Kyk maar net hoe het hulle God se geduld beproef gedurende die uittog uit Egipte. Kyk maar net hoe God elke keer wanneer hulle gemor en gekerm het, met ‘n liefdevolle hand hulle gehelp het.

Ek en jy as gelowige moet oppas dat ons nie dalk ook in die beskuldigdebank land nie. God vra van ons om liefde na te streef en om Hom te dien. Hy dwing ons nie om dit te doen nie. As ons bly hardkoppig lewe en ons eie kop volg, ons verlustig in die sonde - God

sal mos maar weer vergewe...... Daar kan ‘n dag kom dat die Regter gaan omdraai en sê: “Nou is jy in die beskuldigdebank.” Ons moenie dat dit met ons gebeur nie!

Gebed:

Here, help my asseblief om elke dag vir U te lewe - om liefde uit te leef en te doen wat U van my vra.

## Die Hof is in Sitting

## Miga 1:6-16

**Video - Oudio**

Die hof is in sitting. Die Regter neem die plek van die Aanklaer in. Dan wys Hy die vinger na die twee beskuldigdes. “Wie is verantwoordelik vir die oortreding?” Dan kyk hy na beskuldigde nommer een. “Samaria, na hierdie hofsaak gaan Ek sorg dat jy ‘n puinhoop word in die oop veld!” Ons sien hoedat Samaria spierwit word in die gesig - sy knieë wil knak onder hom. “Die aanklag teen Samaria” gaan die Aanklaer voort, “is prostitusie!”

Almal wat in die hofsaal teenwoordig is, snak na hulle asems. “Hoe afgryslik!” trek die fluistering deur die saal.

In die heidense wêreld van daardie tyd, was die sogenaamde “natuurgodsdienste” sekerlik die gewildste onder die mense, want hier kon hulle hulle wildste fantasieë na

hartelus uitleef sonder om daaroor skuldig te voel. Dit het immers gegaan onder die naam van godsdiens, en daarom was hulle mos half verplig om deel te neem aan al die walglike seksuele praktyke. Hier was selfs tempelprostitute wat in diens was van die tempel! Prostitusie was as deel van die godsdiensbeoefening bedryf.

Onthou jy nog die groot debakel destyds tydens die sokker wêreldbeker, toe sommige hooggeplaastes in die politiek probeer het om prostitusie te wettig in Suid-Afrika? Hulle het aangevoer dat dit net was om dit meer aantreklik te maak vir die miljoene toeriste wat na die land sou stroom. Uiteindelik is dit, na groot druk van die kerke, toe nie gewettig nie, maar ek is baie seker dat daar maar 'n blinde oog gedraai was in daardie tyd na enige bedrywighede van die straatvrouens en mans. Vandag is prostitusie natuurlik onwettig in ons land, maar dit gaan openlik voort as 'n uiters winsgewende bedryf!

Die aanklag teen Samaria is, dat hy verval

het in prostitusie. Die klag lê egter veel dieper as hierdie uiterlike, walglike sonde. Prostitusie was eintlik die uitvloeisel van die heidense afgodsdiens. In die heel eerste gebod waarsku God sy volk dat hulle géén ander gode mag hê nie. Dan sê Hy verder dat hulle ook nie enige beelde mag maak om dit te aanbid nie. God eis dus van Sy volk dat hulle Hom en Hóm alléén mag aanbid. En nou het hierdie volk gekom en agteraf 'n afgodsdiens ingesmokkel. Hulle sit steeds die front op as "Volk van God" en hulle roem daarop dat hulle uniek is en dat hulle die enigste volk in die wêreld is wat slegs hierdie God aanbid. Hulle is baie gou om te wys hoe vroom hulle lewe, en dat hulle die reinheidswette nakom, nie 'n krieseltjie varkvleis sal eet nie en die Sabbat getrou nakom. Maar wanneer dit donker word hang hulle rond waar die straatvrouens bedrywig is, en verlustig hulle in die orgies wat in die naam van godsdiens bedryf word.

Die verdoemende uitspraak van die regter oor Samaria is dat hy totaal verwoes sal

word. Die afgodsbeelde sal stukkend geslaan word en die bouklippe sal verstrooi word in die laagte. Selfs die stad se fondamente sal uitgegrawe word.

Die probleem het egter ontstellende nagevolge gehad, want soos wat Kovid 19 soos ‘n veldbrand versprei, so het hierdie “virus” van Samaria se sonde ook vinnig versprei en die hele omgewing besmet. En die siekte is ongeneeslik!

Die Aanklaer draai nou na beskuldigde nommer twee, Jerusalem. Ook Jerusalem, die “Heilige Stad” het sy heiligheid verloor. Nou staan hy ook skuldig aan dieselfde aanklagte. Het dit maar net tot Jerusalem beperk gebly, dan was daar dalk nog hoop, maar nou het dit ook versprei na al die klein dorpies in die omgewing. Daarom is die uitspraak van die Regter dat nie alleen Jerusalem sal val nie, maar die hele Juda saam met hom.

Een-vir-een noem die Aanklaer die name van die dorpe wat hulle skuldig gemaak het aan

hierdie gruwel: Gat, Bet-Leafra, Safir, Saänan, Bet-Haesel, Marot. Dan kyk Hy Lakis in die oë en skud Sy kop. Lakis is die brandpunt, die oorsprong van al hierdie onheil! En Lakis het ‘n klomp van die dorpe in die omgewing saamgesleep, insluitende Miga se geboortedorp, Moreset. Lakis se probleem was dat hy sy vertroue gestel het op sy eie militêre vermoëns, en dat hy ‘n mosie van wantroue in God gestel het.

As gelowige vandag, moet ons baie goed besef wat ons eie vermoëns is. Ons moet dit gebruik tot eer van God. Ons moet egter baie deeglik onthou dat dit God is wat ons die vermoëns gee. Doen ons dit nie, word ons ‘n god vir onsself. Selfs die magtigste mens op aarde moet te alle tye onthou dat dit God is wat hom die mag gee, en dat hy totaal afhanklik is van God. Plaas jou afhanklikheid totaal in God se hande.

Lakis se vonnis is verdoemend: Hulle sal in ballingskap weggevoer word! Die mat gaan totaal onder hulle uitgeruk word. Die vonnis

het in werking getree toe Samaria in 722 vC tot ‘n val gekom het en so ook Jerusalem in 586 vC. Die hof verdaag.

Gebed:

Here God Almagtig, ek besef vanoggend net weer hoe nietig ek is, en dat ek totaal van U afhanklik is.

# Sakelui aan die Beurt

## Miga 2:1-5

**Video - Oudio**

Die deure van die luukse kantoor swaai oop en ‘n man stap in. Die ontvangsdame sien sommer dadelik aan sy gesig en hele houding dat hierdie man baie omgekrap is. Haar hart klop in haar keel! “Hier kom moeilikheid, moeilikheid met ‘n hoofletter **M**!”

“Ek wil die eienaar van hierdie besigheid onmiddellik spreek asseblief! Ek is Ds. Miga van Moreset.”

“Ek is jammer Dominee, Meneer Grootbaas is nie nou beskikbaar nie.” Sy weet sommer dat haar baas kniediep in die sop is oor sy skelm besigheidspraktyke, en sy probeer hom beskerm.

“Baie dankie,” sê Ds. Miga beleefd, en voor die arme stotterende dametjie kan keer, stap hy summier in Mnr. Grootbaas se kantoor in en trek die deur agter hom toe. Sy begin haar

goedjies bymekaar maak, want sy weet al sommer klaar dat sy hierna beslis in die pad gesteek gaan word!

Miga kyk vanoggend die sakemanne en -vroue reguit in die oë. Nee, dit is nie omdat hy omgekrap is dat hy dit doen nie - dit is in opdrag van God dat hy daar staan. Die manier wat hulle sake doen, kom onder die vergrootglas, en wat hy daar sien, lyk beslis nie kosjer nie. En dan deel Miga die nuus mee, inderdaad gladnie goeie nuus nie, want hy val sommer dadelik met die deur in die huis met "**Ellende!"** Hierdie woordjie het meer om die lyf as wat ons vermoed, want dit is 'n woord wat by 'n begrafnis gebruik was om die mense se droefheid en hartseer uit te druk oor die persoon wat gesterf het. In vandag se terme sou dit wees soos om jou eie doodsberig in die koerant te moet lees.

Nou moet ons baie duidelik verstaan, dat niemand sonder sonde is nie, en dat almal maar die een of ander tyd struikel, dikwels sommer baie keer op een dag. Maar dit is nie

waaroor dit hier gaan nie. Wanneer Miga die sakelui aanspreek, is dit oor ‘n doelbewuste, beplande, goed-deurdagte gekonkel. Hulle planne word met groot sorg uitgewerk, uitgedink en beplan. Daarna word dit in die nag bespreek met sakevennote. Maar dit bly nie net by beplanning nie, hierdie duistere planne word dan in dade omgesit en uitgevoer.

Alles kom neer op hebsug, want die geldgierige sakemanne wat alreeds baie geld het, wil nog meer en meer hê. En dit maak nie saak wie daaronder ly nie, en hoeveel skade die ander persoon berokken word nie. Die probleem is dat die slagoffers van sulke oneerlike saketransaksies nie maar net hulle geld of eiendom verloor nie, maar verder ook hulle menswaardigheid. Ek het dit al so dikwels gesien hoe so ‘n slagoffer in sak en as gaan sit. Hulle is te bang om ander mense in die oë te kyk. Daar kleef ‘n stigma aan hulle. Hulle vriende vermy hulle of skryf hulle doodeenvoudig totaal af. En die ongemaklike vrae wat gevra word, so asof dit nou hulle eie

skuld is dat hierdie ding gebeur het. Dis vernederend, om die minste te sê!

Die probleem met duistere sakebedrywighede, is dat dit nie alleen die slagoffers raak nie. Sonde teen ander mense is ook terselfdertyd sonde teen God. Sakemanne wat hulle besig hou deur ander onskuldige mense te beroof (daar is nie ‘n ander woord daarvoor nie!) sal uiteindelik ontdek dat hulle groot wins omswaai in ‘n reuse verlies. My ou skoonmoeder het altyd gesê dat die wiel stadig draai, maar draai, draai hy! Eendag sal dít wat jy gesaai het na jou terugkom! En Miga beklemtoon hierdie feit, want soos wat hulle onregmatig ander se geld en eiendom ingepalm het, sal hulle ook hulle eie geld, eiendom en grond verloor, en mense gaan spotliedjies oor hulle sing. Vir God is oneerlike besigheid totaal onaanvaarbaar!

Die probleem kan egter baie erger wees ook, want as jy so ver afgedwaal het van God af dat jy doelbewus ander mense indoen en

hulle skade berokken, dan het jy dalk al ook so ver afgedwaal dat jy jou geloof kan verloor. Dat jou vertroue nie meer in Jesus is nie, maar in jou eie (skelm) krag en slimmigheid. En wanneer dit gebeur het, het jy dalk jou kans verbeur om die ewige lewe te kan erf.

My liewe vriend/vriendin, as jy vandag daar is, dan pleit ek by jou om jou saak met die Here reg te maak. Gaan maak reg waar jy verbrou het en vra God om vergifnis. Maar die belangrikste van alles, is om weer jou vertroue in Jesus alleen te plaas. Saggeus, die tollenaar het gaan regmaak waar hy verbrou het, en die mense wat hy beroof het dubbel terugbetaal (Lukas 19). En toe volg hy Jesus.

Gebed:

Here, vergewe my asseblief waar ek iemand skade aangedoen het met slinkse sakepraktyke. Help my om reg te maak waar ek verbrou het.

# Ds. Miga se Kruis

## Miga 2:6-11

**Video - Oudio**

Ds. Miga loop in die leraar se studeerkamer in, waar dié besig is om sy preek vir die naweek voor te berei. Die man is so hard aan die werk en so diep ingedagte, dat hy nie eers vir Miga sien nie. Met 'n glimlag kom loer Miga oor die dominee se skouer om te sien waaroor sy preek gaan. Dan verstar sy glimlag: al wat hy daar sien, is vleitaal. Daar word die mooiste dinge gesê, maar absoluut géén vermelding word gemaak van die mens se eie verantwoordelikheid nie. Hy kyk totaal verby al die korrupsie en moord en doodslag en slegte dinge wat in die gemeente aangaan. Al wat hy in hierdie preek doen, is om die heuningkwas mildelik te swaai en almal heuning om die mond te smeer.

Miga is hoogs ontsteld. Hy storm by die studeerkamer uit. “Hierdie man is nie werd om 'n leraar genoem te word nie!” Dit kook

en borrel in hom. Hoe meer hy daaroor dink, hoe meer kom hy tot die besef dat hierdie dominee net daarop uit is om vir die mense te sê wat hulle graag wil hoor. En wat meer is: hierdie is nie die enigste leraar wat dit doen nie, daar is nog ander ook waarvan hy weet!

Ds. Miga gaan sit voor sy rekenaar, en dan skryf hy ‘n e-pos wat hy beplan om vir al die leraars met hierdie houding te stuur. “Wees reguit met die mense!” skryf hy, “Vertel vir hulle waar hulle verantwoordelikhede lê! Die gemeentes het korrup geraak, en julle as leraars moet hierdie probleem reguit aanspreek. Moenie doekies omdraai nie, vertel vir die sakemanne wat slinkse transaksies doen en ander mense uitbuit dat hulle dit moet staak. Moenie hulle gewetens probeer sus deur niks hieroor te sê nie. Praat daaroor!”

Ds. Miga raak nou lekker opgewerk: “Julle bly vir die mense allerhande gerusstellende dinge vertel, soos dat daar nooit enige

ellende oor hulle sal kom nie. Dat hulle maar kan aankarring met hulle sondige praktyke! Waarom sal God dan nou kwaad word daaroor? God vergewe mos al jou sondes. God is liefde, onthou! Hy doen altyd net goed aan Sy volk. Hy is gladnie so ernstig oor sonde as wat daardie Miga-predikant dit wil maak nie! Vandag wil ek vir jou sê, liewe dominee, jy lei die gemeente op 'n dwaalspoor!"

En dan druk hy die "SEND" knoppie, en die e-pos vlieg. Maar o wee! Skaars is sy e-pos gestuur, of die briewe stroom in van talle hoogs-omgekrapte dominees. Ds. Miga het baie hard op hulle liddorings getrap, en dit maak seer. "Hoe durf jy ons beskuldig!" word hy uitgejou. "Is dit dan nie reg dat ons preek oor genade en liefde nie?"

Ds. Miga het seer, maar dit is nie sy persoonlike seer nie. Dit is die seer wat hy beleef van die mense wat slagoffers is. "Ja, natúúrlik is dit reg om oor liefde en genade te preek! Maar as daar onreg is durf jy ook nie

daaroor stilbly nie! God se liefde en genade bring vir gelowiges ‘n sekere verantwoordelikheid, en mense moet weet wat die verantwoordelikheid behels. Dit help nie om hulle gewetens te sus nie!”

Wanneer Ds. Miga daardie Sondag op die kansel klim, praat hy kaalkop die waarheid. Hy noem die gemeente se probleem op die naam. Hy sien hoedat ‘n paar baie vroom gesigte skielik verstrak en vloer toe kyk. Hy maak dit baie duidelik dat dit dikwels onskuldige of weerlose mense is wat die swaarste getref word deur die hartelose optrede van sommiges. Dit is weduwees wat geen inkomste het nie en maar net op genade leef, wie se huise van hulle af weggeneem word. Dit is weerlose vrouens wat beroof word van die bietjie gerief wat hulle nog het. En dit is onskuldige kindertjies wat op die straat beland. Die Here het daardie huise en gerief en blyplek vir hulle gegee, maar nou is dit hartelose sakelui wat gierig geword het wat dit van hulle af wegneem.

“En die probleem is,” slaan Ds. Miga die laaste spyker in die doodskis, “dat die skuldiges vanoggend hier in die kerkbanke sit. Ja, julle weet wie julle is!”

Na die erediens stap Ds. Miga terug huistoe. Hy het opgemerk hoe die bywoning van sy eredienste gekrimp het. Dit is ontstellend. Hy is nie meer die gewilde prediker van ouds nie. Maar hy durf nie stilbly nie. En dan is daar nóg ‘n ontstellende ding wat sy ore bereik het. In die wandelgange word daar gefluister dat hulle hom gaan vervang. Sommige gemeentelede wil hom met alle mag hier weg hê. Hulle het ‘n ander dominee in gedagte, een wat glo baie mooi kan preek. Hulle sê die man praat nooit óóit oor sonde nie, hy praat net oor liefde en genade. Boonop is hy baie welsprekend. Jy voel glo so goed as jy na een van sy preke geluister het.

“Here, wat moet ek maak?” kreun Ds. Miga sy versugting uit na die Here, “Wys U my asseblief wat ek moet doen.”

Gebed:

Here, help my asseblief om U Woord suiwer uit te dra sonder om die krag daaruit te haal.

# Regters

## Miga 2:12-3:4

**Video - Oudio**

Op die oop veld loop ‘n klompie skape en blêr, hier drietjies en dáár nog ‘n handjievol. Doelloos, herderloos loop hulle en ronddwaal. Die veld is vol gevaar, jakkalse, rooikatte en allerhande ongediertes. Hulle weet nie waarheen om te gaan nie. Hulle is verlore. En dan kom daar ‘n herder en begin hulle bymekaarmaak. Hy jaag die klein groepies almal op ‘n bondel totdat daar ‘n groot trop skape bymekaar is op pad na die veiligheid van die kraal, weg van die dodelike kloue van al die roofdiere.

Skape wat sonder ‘n herder ronddwaal is soos ‘n ongeluk wat plek soek om te gebeur. Hulle is weerlose diere, en daar wag baie gevare op hulle. Mense is in ‘n sekere sin baie soos skape. Dalk is dit nou nie juis altyd ‘n vleiende ding om te sê nie! Maar Jesus het byvoorbeeld, in ‘n goeie sin mense vergelyk

met skape. Hy het Homself gesien as die Herder, en die gelowiges Sy skape. Hierdie is ‘n baie mooi beeld wat Jesus se sorg vir Sy kinders uitbeeld.

Miga gebruik ook hierdie beeld. In die vorige gedeeltes het ons gesien hoe die Here oordeel, maar hier sien ons dat God ook weer die gedeelte van die volk wat steeds getrou gebly het, liefderyk bymekaar maak soos ‘n herder sy skape, en hulle na veiligheid bring. God se ontferming, Sy genade en liefde vir diegene wat in Hom glo, is baie groter as Sy oordeel.

Maar dan in die volgende hoofstuk, praat Miga weer oor die regters, en dan is hy baie ontsteld.

‘n Land se regstelsel bepaal die beskaafdheid van die land. Die prentjies wat geskilder word oor die destydse Wilde Weste was, om die minste te sê, totaal van alle reg gestroop. As die mense gedink het dat ‘n man skuldig is, is hy summier opgehang of doodgeskiet, dikwels sonder ‘n verhoor. Dit

het in Barberton en Pelgrims Rus nie juis beter gegaan tydens die groot goud stormloop nie. Niemand was sy lewe seker nie, en skelmstreke, moord en doodslag was die norm van die lewe.

Vandag het Suid-Afrika eintlik ‘n baie goeie regstelsel, en oor die algemeen is die integriteit van die regters onkreukbaar. Maar in Miga se tyd was dit ‘n totaal ander saak. Soos wat dit ook vandag nog in baie dele van die wêreld totaal korrup is.

In Israel was daar baie duidelike riglyne waarvolgens ‘n regter moes handel. Eksodus 18 en Deuteronomium 1 lê die bepalinge neer waarvolgens ‘n regter moes werk. Miga skilder egter ‘n ontstellende prentjie waar die regters presies die teenoorgestelde doen as die voorskrifte bepaal wat in die heilige Skrifte neergelê is. Hulle steur hulle nie aan God se bepalings nie! In plaas daarvan dat hulle die goeie liefhet, haat hulle dit. En in plaas daarvan om die verkeerde dinge te haat, het hulle dit juis lief.

So erg was dit, dat Miga die regters vergelyk met slagters, in ‘n slegte sin. Hierdie regters maak met die mense wat hulle hulp nodig het soos wat slagters met ‘n dier se karkas doen. In die hof word die onskuldiges letterlik afgeslag en hulle velle afgetrek (figuurlik gesproke).

Dit beteken egter nie dat ons nou saam met Miga die vinger moet wys na die slegte regters nie. Miga praat terselfdertyd ook met doodgewone mense in hulle alledaagse lewe. Elkeen van ons is op die een of ander stadium ‘n regter wat ‘n beslissing moet gee. Dit kan in ons daaglikse lewe wees, in die kantoor, by die huis of in die gemeenskap. Daar kom situasies wanneer ons ‘n beslissing moet maak teenoor ons eggenoot, kinders of ouers. By die werk kan dit my werknemers wees of dalk my werkgewer of kollegas. Of dit kan dalk kliënte wees.

Elke sodanige besluit wat ek neem, moet ek kan meet aan die Woord van God. Is dít wat ek besluit volgens die norme van liefde wat

Jesus neergelê het? As werkgewer hou ek byvoorbeeld nie baie van ‘n spesifieke persoon nie, want hy irriteer my, en nou soek ek enige moontlike geleentheid om “wettig” van hom ontslae te raak. ‘n Foutjie wat ek normaalweg sou oorsien, word voor hierdie persoon se voete gegooi, en hy word afgedank, geskors, weggejaag.

Ons het aan die begin gesien hoe die Herder ons as verlore skape liefderik bymekaar maak. Ons sien die groot genade wat God ons betoon, en hoe Hy ons keer op keer weer vergewe, ten spyte van al ons tekortkominge, en dikwels selfs moedswillige sondes.

Maar nou vra Hy ook dieselfde van ons. Van die oorvloed van liefde wat Hy oor ons uitstort, vra Hy dat ons ook ‘n bietjie sal teruggee aan ons medemens. Ons bid “En vergeef ons ons skulde,” maar dan vergeet ons dat deel van die gebed gaan: “soos ook ons hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan.” Soos wat die Groot Regter oor ons

oordeel, wil Hy ook hê dat ons oor ander oordeel. Wees regverdig. Wees liefdevol. Maar bo alles, wees vergewensgesind!

Gebed:

Here, ek is skuldig voor U wanneer ek dink aan hoeveel keer ek al verkeerd opgetree het teenoor my medemens.

## Oor die Profete

## Miga 3:5-8

**Video - Oudio**

Destyds, in Miga se tyd was die profete die skakel tussen God en die mense. Daar was nie Bybels wat jy kon lees nie, want die enkele geskrifte wat toe beskikbaar was, was met die hand geskryf op perkament of papirus, met tuisgemaakte ink en gansveer penne. Daar was nog nie eers papier soos ons dit vandag ken nie. Dit was slegs die Skrifgeleerdes en profete wat insae gehad het in die Woord van God, en geskrifte hieroor was uiter beperk. Dit was eers tydens die ballingskap wat meeste van die mondelike oorlewerings op skrif gestel is. Dit was dus die profete se taak om die wil van God aan die mense bekend te maak. Dit was hulle wat die Woord moes verkondig.

Daar was dus twee metodes om met die Woord om te gaan: ‘n Man het Skrifgedeeltes by ‘n rabbi uit sy kop geleer, en dan word dit

mondelings aan sy kinders oorgedra. En dan was daar die profete wat die volk moes leer en die Woord oordra. Jy kon dus nie gou in jou Bybel gaan naslaan of iemand die waarheid preek nie.

Ongelukkig was Miga een van die baie min profete wat oorgebly het wat nie korrup geraak het nie. Wanneer Ds. Miga dus die dag by die erediens instap waar die profete besig is om die volk te leer, begin hy vir die profete preek, want wat hy daar hoor laat hom yskoud word. En wat hy vir hulle preek is beslis nie vleiend nie. Hy sê dat hulle preke bepaal word deur die kos wat by hulle mond ingaan. As sodanige profeet gevoer word met kaviaar, garnale en kreef, dan preek hy baie mooi preke, net soos die mense daarvan hou om te hoor. Maar as hy net droë pap kry of dalk moet honger ly, dan maak hy behóórlik oorlog teen sy gemeente.

Dit gaan met ander woorde nie vir hulle primêr om die Woord van God te verkondig ten spyte van alles nie, maar dit gaan om

geld. As hulle ‘n ruim vergoeding kry, is hulle bereid om ‘n “preek op aanvraag” te lewer, een waarvan almal hou en wat almal laat goed voel. As die geld nie daar is in oorvloed nie, dan word die gemeente sleggesê. Paulus het jare later met dieselfde probleem gesit in Korinte, waar daar leraars opgetree het wat net vir die geld gepreek het.

En vandag? Dit gebeur nog steeds vandag! Ons hoor dikwels nog van leraars wat skatryk word uit hulle prediking. En dan is dit in die meeste gevalle slegs oor mooi woorde, hulle preek die dinge wat die gemeente graag wil hoor en nie wat die Woord van God sê nie.

Ons het ook al gesien hoe sulke leraars tot ‘n val kom, nie finansieel nie, maar geestelik. Waar daar hofsake teen hulle gevoer is en allerhande lelike dinge gebeur.

Miga sê dan ook dat hierdie soort “preke op aanvraag” tot ‘n einde sal kom. Hierdie profete gaan agterkom dat hulle absoluut niks meer het om te kan sê nie. Daar sal net eenvoudig nie meer openbarings van God na

hulle kom nie.

Het jy enige idee hoe “skrywersblok” voel? As jy nog nie iets moes skryf nie, is dit maar net ‘n vae begrip. Vir die ernstige skrywer is dit die grootste nagmerrie in sy lewe. Sy lewe is afhanklik van sy skryfwerk. Skrywersblok is wanneer die dag gaan sit om te skryf, en in sy kop is daar net hierdie groot leë holte waarin daar géén gedagtes is nie. Dit kan soms vir dae en weke en selfs maande aanhou. Hy móét ‘n nuwe storie skryf, maar hy het nie ‘n storie om te skryf nie. Dit dryf hom tot raserny.

En dit is sekerlik hoe hierdie profete in Miga se tyd moes voel, want hulle moes oor iets preek om geld te kan kry, maar God gee hulle absoluut niks om oor te kon preek nie.

Miga, aan die ander kant, het iets wat hulle nie het nie: die Gees van die Here! Die Heilige Gees is in hom en werk deur hom omdat hy bereid is om te doen wat God van hom vra. Dalk kry hy nie die geld wat die ander profete kry nie, en dalk hou die

gemeente nie juis daarvan om na hom te luister nie, want hy sê dinge wat hulle nie graag wil hoor nie. Maar een ding is seker: die Here is gedurig in gesprek met Miga, en hy het nooit ‘n tekort aan woorde nie. Dit borrel gedurig in hom want God praat met hom en God wys hom waar Israel se sonde lê.

Miga het ‘n taak op sy skouers, en hy doen dit sonder om te skroom. Hy is nie bang om die volk en selfs die ander profete vreesloos, kaalkop die waarheid te vertel nie. Dankie tog: Miga was darem nie die enigste een nie. Daar was ander profete ook wat nie gehuiwer het om die waarheid te praat nie, soos Amos, Jesaja, Jeremia en Esegiël. Hulle was ook bereid om op te staan vir die waarheid.

Die vraag is of ek en jy bereid is om onvoorwaardelik op te staan vir die waarheid? Is ons bereid om God te verdedig, maak nie saak wat die omstandighede is nie? Of gaan ons ook maar met die stroom saamgaan net om die vrede te bewaar en

ons eie situasie gemaklik te maak? Liewers te sê waarvan mense hou?

Gebed:

Here, gee my asseblief die moed en krag om nie stil te bly vir die waarheid nie.

# Materialisme - die Monster.

## Miga 3:9-12

**Video - Oudio**

Miga sluit in die laaste vier verse van hoofstuk 3 sy onheilsprofesieë af met ‘n opsomming van wat hy reeds gesê het. Maar as jy hierdie verse lees, kom jy agter dat daar iets baie dieper skuil onder hierdie mantel van onreg, naamlik die monster van materialisme! Dalk moet ek net eers vertel van ‘n paar baie dierbare mense wat ons paadjie gekruis het oor die afgelope paar jaar. Nadat ons in ‘n finansiële krisis gedompel was, het Willem en Linda ons vir ‘n volle jaar gratis blyplek gegee. Hulle wou nie ‘n sent aanvaar vir ons verblyf in hulle huis nie. Na hulle was dit Danie en Adele wat presies dieselfde gedoen het, en toe daardie blyplek nie meer beskikbaar was nie, was dit Ockie en Gill wat weer na vore getree het. Vir hierdie mense gaan dit oor die uitleef van liefde soos Jesus dit vir ons voorgelê het.

Maar in Miga se gemeenskap was dit iets totaal anders. Elke ding het sy prys! Die regters sou uitspraak lewer slegs om sekere mense te bevoordeel, die profete sou profesieë lewer slegs om die mense se gemoedere te sus, en die priesters sou mooi broodjies bak en die gemeente vlei met mooi Godsdienstige raad. En agter al hierdie handelinge sit daar die een enkele motief: materialisme.

Die regters sal ‘n uitspraak lewer, slegs as die persoon betaal. En as hy ruimskoots betaal, sal die regter sy saak bevoordeel, al is hy ook skuldig, en hy sal dan die ander party onregverdig veroordeel, al is hy dan onskuldig!

Die priesters gee mooi, vleiende raad oor allerhande godsdienstige sake, maar dan ook slegs as hulle betaling die moeite werd is. Selfs die profete is bereid om te profeteer soos wat jy graag sy profesie sou wou hoor, maar die voorwaarde was weereens dat daar genoeg geld by betrokke sou wees.

Materialisme is ‘n siekte. Dis is egter nie ‘n kwaal wat slegs gebonde was aan Miga se tyd nie. Hierdie siekte het deur die eeue epidemiese proporsies aangeneem en al by verskeie geleenthede volke totaal verwoes. Dit is egter ook nie slegs tot die leiers, profete en regters beperk nie. Dit is iets wat totale gemeenskappe kan oorweldig. Die leiers is slegs die puntjie van die ysberg wat bo die see uitsteek. Onder kolk en kook en maal die ander negentig persent daarvan. Wanneer Miga dus met die volksleiers praat, dan praat hy eintlik met die hele volk.

Die een groot probleem van materialisme is dat absoluut alles in geldwaarde gemeet word. Met ander woorde, dit is nie slegs die materiële dinge nie, maar ook die dinge in die lewe wat eintlik geen geldwaarde het nie. Ons kan dink aan dinge soos goeie regspraak, op alle vlakke, egte, suiwer Godsdiens, hoë morele waardes en tragies genoeg, selfs barmhartigheid en liefde. As dit eers tot hierdie vlak gedaal het, dan is dit om van te huil en treur!

Dit is so tragies dat materialisme en geldgierigheid dikwels getooi word in ‘n geurige godsdienstige sousie! Miga huil dit uit in vers 11: *Hulle sê: “Die Here is by ons, onheil sal ons nie tref nie.”* Niks kan verkeerd loop solank hulle materialisme in die Naam van God bedryf nie. Maar alles het alreeds verkeerd geloop! Hoe kan jy verwag dat die Here met jou sal wees solank jy doelbewus besig is om ander mense uit te buit? Hoe kan jy op Sy seën aanspraak maak solank jy onregverdig regspreek teen iemand anders? Terwyl jy mense benadeel ter wille van geld? En hoe kan jy liefdeloos en dikwels wreed teenoor jou medemens optree, en terselfdertyd daarop aanspraak maak dat jy ‘n wonderlike, liefdevolle verhouding het met God?

Hierdie dinge rym net eenvoudig nie! Jy kan nie God en Mammon gelyk dien nie! God se heiligheid, liefde, genade en alles-omvattende nabyheid kan net eenvoudig nie besoedel word met geldgierigheid, materialisme, onreg en liefdeloosheid nie. Dit

rym nie!

Miga sluit sy betoog af met ‘n verpletterende uitspraak oor die trots van die volk: Jerusalem. “*Jerusalem sal ‘n puinhoop word!*” voorspel Miga. Die pragtige stad gaan geplunder word, en daarmee saam die juweel van die stad, die hartklop van die volk: die asemrowende, heilige tempel. “*Die tempelberg gaan ‘n hoogte vol bossies word.*” waarsku Miga. Hoe tragies. En die skuld hiervoor lê Miga voor die deur van die volk en sy leiers. Hulle is verantwoordelik hiervoor. Hierdie oordeel het hulle oor hulleself gebring.

Gebed:

Here, bewaar my asseblief van geldgierigheid en materialisme. Vul my hart met liefde en barmhartigheid.

## Vrede kom!

## Miga 4:1-5

**Video - Oudio**

Dikwels is gedeeltes in die Bybel gehul in misterie - dinge wat ons net eenvoudig nie kan verstaan of verklaar nie. Miga 4:1-5 is een van daardie gedeeltes - nie omdat wat geskryf is onverstaanbaar is nie, maar omdat daar ‘n feitlik identiese deel voorkom in Jesaja 2:1-5. Dit is feitlik ‘n woord-vir-woord herhaling. Het Jesaja hierdie gedeelte van Miga afgeskryf? Of het Miga syne van Jesaja afgeskryf? Moontlik het albei hierdie profete hierdie stuk oorgeneem uit ‘n ander onbekende boek of bron. Niemand weet nie. Daar is natuurlik ‘n ander moontlikheid, een wat menslik totaal onmoontlik klink, en dit is dat beide hierdie skrywers presies dieselfde woorde geskryf het op aandrang van die Heilige Gees. Dit klink onmoontlik! Die kans dat twee skrywers presies dieselfde kon skryf, is nul. Tog is alles by God moontlik. Hoe dink jy het hierdie twee identiese

geskrifte tot stand gekom?

Maar waaroor gaan hierdie gedeelte? Vrede! “**Daar kom ‘n tyd....**” skryf Miga, en dan beskryf hy ‘n skynbaar onmoontlike situasie waar daar volle vrede heers.

Hoe smag mense nie na ware vrede nie! In die geboorteland van Simon van Sirene, Libië, het Moamar Ghadaffi vir baie jare ‘n skrikbewind gevoer. Die uiteinde was dat daar ‘n bloedige burgeroorlog uitgebreek het om vrede te probeer bewerkstellig. In die proses om vrede te verkry, het die wêreld se magte saamgespan en met bomme en vuurpyle vrede probeer los skiet. Hierdie is nie ‘n geïsoleerde geval nie. Regoor die wêreld woed oorloë en mense smag na vrede en om maar net weer ‘n slaggie onder ‘n boom te kan sit sonder die vrees dat jy enige oomblik doodgeskiet gaan word.

Suid-Afrika is ‘n land waar vrede heers, maar selfs hier heers gedurig bloedige stakings en protesoptogte. Daagliks word mense vermoor, verkrag en gewelddadig beroof.

Selfs onskuldige kinders word koelbloedig doodgeskiet in bendegeweld! Diegene wat dit kan bekostig, leef agter tralies en met gesofistikeerde sekuriteitstelsels. Jy kan feitlik nêrens heen gaan en maar net ontspan met ‘n kommervrye piekniek nie, want oral is dit gevaarlik!

Maar Miga sê: “**Vrede kom!**” Wat ‘n wonderlike vooruitsig! En hierdie is nie maar net ‘n vrede wat van korte duur is nie, dit is ‘n blywende vrede! Jy onthou seker nog hoe politieke leiers van verskeie lande destyds probeer het om vrede te bepleit in Zimbabwe, toe daardie land in sy ergste nood verkeer het. Dit was vrugteloos!

Die vrede waarvan Miga egter praat word nie bepleit of bewerkstellig deur politieke leiers nie, maar deur God. En daarom is dit ‘n vrede wat volmaak is. Ware vrede kan alleen gebeur waar mense God erken as God. Wanneer Hy hierdie vrede bewerk, sal mense weer stroom na die tempel van God. Voor grendeltyd het ek dikwels Sondae

gewonder waar al die mense is? Het hulle ooit die behoefte om ‘n erediens by te woon? Is dit dalk die rede waarom ons so gebuk gaan onder on-vrede in ons land? Maar tydens die vrede wat Miga sien, stroom mense in hordes saam om God saam te aanbid.

Wat gebeur wanneer hierdie vrede kom? Wapentuig word totaal oorbodig, en hulle word omvorm om landbou implemente te word. Die ministerie van verdediging raak totaal oorbodig want buurvolke leef nie meer in vyandskap met mekaar nie. Die beeld word geskilder van iemand wat rustig onder sy wingerd sit en ontspan sonder enige kommer. Iemand anders sit weer agteroor teen die stam van ‘n vyeboom. Daar is geen gevaar dat hy van agter aangeval sal word of beroof word nie.

Wanneer ons hierdie idilliese beelde lees, wil ons lag! Leef Miga nie dalk in ‘n Utopia nie? Ons lewe vandag is so presies die teenoorgestelde, en dit voel dan asof dit elke

dag net erger raak. Geweld neem elke dag net toe. Wat moet ek as gelowige doen? God kan tog onmoontlik nie teenwoordig wees in hierdie wêreld waar soveel dinge skeefloop en verkeerd gaan nie? Kan ‘n gelowige ooit iets daaraan doen?

Die antwoord is dat ek as gelowige positief sal leef en my nie blind staar teen al die geweld en slegte dinge nie. As elke gelowige maar net die liefde sal uitleef wat Jesus vir ons beskryf het, dan is daar alreeds ‘n helder lig van vrede wat brand. Ek kan iets van God se vrede laat deurskemer deur te leef soos wat God van my vra. Op hierdie manier sal God se volmaakte vrede alreeds sigbaar kan word in die wêreld. Ja, inderdaad sien ons oral hierdie wonderlike vrede deurskemer in gelowiges wat voluit Jesus se liefde uitleef en uitstraal. Gelowiges is toekomsgerigte mense - mense wat vanuit die toekoms lewe. God het ons daardie onbeskryflike hoop gegee van die dinge wat kom, en vanuit daardie hoop kan ons alreeds vandag lewe en ons lewens inrig.

Die hoop wat God ons gee uit die Woord, is genoeg om ons deur die grootste swaarkry en onvrede te dra, want daardie hoop vertel ons van die uiteindelike onbeskryflike lewe aan die voete van Jesus. En daardie hoop is nie maar net iets vaag nie, maar ‘n werklikheid.

Gebed:

Here, ek sien reikhalsend uit na die vrede - die volmaakte vrede wat op my wag!

# Dit Sál Beter Word

## Miga 4:6-14

**Video - Oudio**

Die streng inperkings van verlede jaar het baie mense finansieel geknak. Sommige sonder werk gelaat, ander se sakeondernemings laat verkrummel. Dalk is jy een van hulle.

Ja, ek weet hoe dit voel! In 2010 het ek gesien hoedat my wêreld besig was om rondom my in te tuimel toe ons besigheid begin sink. Ek het gepleit by die Here om my te red uit hierdie ramp, maar dit gebeur nie. Uiteindelik was daar nog een laaste stukkie hoop: my huis. As hy net verkoop kon word teen ‘n redelike prys, dan was ons gered. Maar die mark was swak! Uiteindelik was die laaste opsie ‘n veiling. Die opbrengs dek nie eers naastenby die skuld nie. Ek sit in sak en as - alles wat ek gehad het was weg, en daar was nog ‘n berg skuld wat betaal moes word.

Maar ek verloor nie hoop nie. Krampagtig klou ek vas aan die een stukkie hoop wat oorbly, die Here. Wanneer alles op sy donkerste is, en ons nie meer ‘n dak oor ons kop het nie, voorsien Hy op wonderbaarlike wyse. Wanneer daar nie ‘n krieseltjie kos in die huis is nie, voorsien Hy uit ‘n totaal onverwagse oord. Wanneer my moed gebreek is, kom die Here en maak my sterk. Wanneer ek in totale afhanklikheid na Hom opkyk, gee Hy my moed. Wanneer ek alleen in die wêreld voel, oorlaai medegelowiges my met liefde, moed-inpraat, bystand en troos. Skielik kom ek agter hoeveel mense daar werklik is wat omgee!

In vers 6 vertel Miga hoe die Here vir hom gesê het dat Hy die kreupeles en diegene wat verstrooi is in ballingskap en dié wat met rampe getref is weer sal bymekaar maak. Volgens die wet van Levitikus 21 kon kreupeles nie dien as priesters nie. Maar nou is dit juis die kreupeles wat uitgesonder word om nuut te begin met die Here. Die oorblyfsel van wat eenmaal ‘n volk was, sal Hy weer ‘n

volk maak. Die siekes sal Hy oprig om ‘n nasie te word. En dan sal God oor hulle heers. Is dit nie die wonderlikste vertroosting nie!

Dikwels is dit juis in die swaarkry en pyn waar die seën van die Here die helderste deurkom. Miga gebruik hier die voorbeeld van ‘n vrou wat in kraam gaan. Dink maar mooi wat gebeur: vir nege maande dra die mamma die groeiende baba in haar rond. Daar is dikwels allerhande komplikasies, en soos die tyd vorder raak dit al erger en die ongemak raak al groter. Ek het al so dikwels gehoor dat ‘n hoogswanger mamma sê dat sy dit nou net nie meer kan vat nie - dat dit net een te veel begin raak. Maar die ergste lê nog voor! Eers die verskriklike geboortepyne wat elke minuut meer intens raak. En dan wanneer sy begin kraam, en die pyn totaal ondraaglik raak - vir baie mammas voel dit na die einde van die wêreld.

En skielik is alles verby, en die vreugde wat géén perke ken nie - om daardie klein

bondeltjie mens in jou arms te kan vashou. En die klein wonderwerkie vul jou hele wese met vrede en vreugde en verwondering en dankbaarheid. Dan wéét jy dat al daardie maande van ongemak en die verskriklike pyn alles deur en deur die moeite werd was. Dan besef jy ook dat sonder daardie pyn en smarte, jy nooit hierdie vreugde sou kon ervaar nie!

Die pyn van die ramp wat my getref het, was ‘n noodsaaklikheid om my te louter en te leer van totale afhanklikheid van God. Die pyniging is soms steeds daar, want ek het nog ‘n lang pad om te loop om totale vertroue aan te leer. Maar ek aanvaar dit met blydskap, want ek besef baie goed dat die “Pottebakker” nog gladnie klaar is met hierdie rowwe stuk klei nie. Boonop wil die klei ook nie altyd lekker saamwerk nie! Maar ten spyte daarvan ervaar ek intense blydskap. Ek sien die wonderlike hand van God deur dit alles, en ek ervaar Sy onbeskryflike genade, liefde, ootmoed en meelewing baie meer as ooit tevore.

Maar dan besef ek ook terdeë dat hierdie maar net die begin is. Die gordyn word slegs op ‘n klein skrefie oopgetrek sodat ek hier ‘n ietsie van die hemel kan ervaar. Miga kyk vooruit na die eendag, die dag wanneer Jesus weer kom op die wolke, en ons daardie onbeskryflike mooi, vreedsame, liefdegevulde woonplek van God, die hemel, kan betree. Dan sal al die pyn en smarte vir ewig vergete wees! Die swaarkry is dus alles deel van ons voorbereidingsproses.

Maar wat nou van al die onreg wat steeds aan die gang is? Wat van die misdaad en liefdeloosheid van die wêreld? Daaroor hoef ek en jy nie ons koppe te breek nie! Nie alleen sal die goddelose mekaar vernietig nie, maar die oordeel van God sal hulle tref. Ek en jy hoef nie te oordeel nie, die Regter van alle Regters - aan Hom kom die oordeel toe!

Gebed:

Here, dankie dat ek swaarkry kan ondervind, want ek weet dat U my daarin vorm tot U eer.

# Die Nuwe Koning

## Miga 5:1-5

**Video - Oudio**

Die intriges van die koningshuise boei die hele wêreld. Jy onthou seker nog die bohaai toe prins Albert destyds met onse mooie Charlene getroud is. Ons het ons vergaap aan die koninklike prag en praal. En natuurlik al die skandes waaroor daar in die wandelgange gefluister is.....

Die koningshuis van Brittanje is natuurlik ook gedurig in die nuus, en kort-kort moet Ouma Elizabeth net vure doodslaan vir haar kinders en kleinkinders se skandes. Harry en Meghan is gedurig op koerante se voorblaaie. Inderdaad gaan dit nou relatief goed in die koningshuis, as jy die streke van sommige van Brittanje se vorige konings in ag neem. Vat nou maar ou Henry die 8ste, en hoe hy op ’n streep van sy vrouens ontslae geraak het, elke keer as sy hormone hom pla en ‘n nuwe jong bokkie verbyloop.

In die Bybelse tye het dit nog erger gegaan, sommer véél erger! Daar is dik boeke geskryf oor die konings van Israel. En die enkele “goeie” konings kan jy op die vingers van jou een hand tel. Selfs die goeie konings het geraamtes in hulle kas gehad. Vat nou maar vir Dawid, die geliefde koning wat liedere geskryf het wat duisende jare later steeds gesing word. Hy was ‘n man wat die Here intens liefgehad het. Maar sy geraamtes is walglik. Hy pleeg owerspel. Hy laat die vrou wat hom so bekoor se man vermoor. Hy het geen beheer oor sy kinders nie. Oor manne soos Agab en sy goddelose vrou Isebel praat ons nie eers nie. Keer op keer lees ons in die kronieke van die konings: “Die koning het gedoen wat verkeerd is in die oë van God.” Israel se konings was deur die bank vir die volk ‘n reuse teleurstelling. In Psalm 72 word die ideale koning beskryf, maar hiervan het net mooi niks gekom nie.

En nou kom Miga met ‘n aankondiging wat soos ‘n vars briesie oor jou waai, soos heerlike soet, yskoue water in die hitte van

die dor woestyn. Hy vertel van hierdie Koning wat nie korrup is soos al die ander nie. Elkeen wat lees wat Miga geskryf het, gaan regop sit, en lees dit weer. “Is dit ooit moontlik?!” Hierdie nuwe Koning waarvan Miga skryf sal beslis nie teleurstel nie. Hy voldoen aan al die vereistes wat God stel aan ‘n koning. En Hy lê boonop in die koningslyn van die geliefde koning Dawid. Maar Sy koningskap se wortels lê eintlik baie, baie verder terug as Dawid - dit strek “tot in die gryse verlede” (Miga 5:1).

Tóg kom hierdie Koning uit ‘n baie klein en onbelangrike ou dorpie, Betlehem Efrata. As jy daarvandaan kom, beteken dit dat jy maar ‘n baie nederige agtergrond het. Dawid kom ook daarvandaan! Hy was die jongste van Isai se seuns, en die laaste een wat oorweeg sou word vir moontlike koningskap. Hy was ‘n blote skaapwagtertjie, ‘n kind van die veld wat baie nagte onder die sterre moes deurbring en op die harde grond slaap. Tóg was hy die een wat Israel verenig het en uitgebou het tot ‘n groot en magtige nasie.

Maar dit is hoe die Here werk. Hy doen dinge op die mees onwaarskynlike en onverwagse maniere. Klein en onbenullige mensies word groot en belangrik in die hande van die Meester Pottebakker.

Maar Dawid was nie die een waaroor Miga geskryf het nie. Die Koning van alle konings is egter in dieselfde klein dorpie, Betlehem gebore in ‘n nederige stal, van alle plekke! Sy nederige lewe was relatief van korte duur, ‘n skamele 33 jaar, en toe word Hy gekruisig - aan ‘n vloekhout vasgespyker. Sy lewe was gekenmerk deur vrede en liefde en nederigheid. Hy het altyd die beste gesoek vir die mense wat Hom gevolg het. Hy het hulle siektes genees, vir hulle kos gegee en hulle geleer.

Maar toe kom die kruisiging en Sy hemelvaart. En nou wag ons in groot afwagting vir die dag wanneer Hy terugkeer. Miga sê dat dit net ’*n kort rukkie* sal wees, *so lank as dit ’n vrou neem om ’n kind in die wêreld te bring*. Hoe lank is daardie kort

rukkie? Niemand weet nie, nie eers die engele nie. Ons kan dit ook nie letterlik opneem, dat dit nege maande sou duur nie. Dit is “profetiese perspektief” wat bloot beteken dat daardie dag onverwags gaan wees, net soos wat ‘n normale geboorte onverwags is. Al die tekens is wel daar dat dit binnekort moet gebeur, maar dit bly steeds ‘n groot verrassing. Diegene wat uitwerk dat die wederkoms op ‘n sekere dag gaan plaasvind, mislei mense. Die tekens is alreeds baie duidelik daar dat Jesus se wederkoms enige oomblik kan plaasvind. Dit kan selfs vandag of môre wees, maar dit kan ook nog jare duur. Die groot ding is dat ons gereed moet wees, soos wat die man van die swanger vrou gereed moet sit vir die oomblik wanneer die geboortepyne begin.

O, watter wonderlike vooruitsig is daar nie! Met Jesus se wederkoms gaan absoluut alles verander. Sien jy ook uit daarna? En is jy gereed om Jesus te ontmoet?

Gebed:

Here, ek sien uit met groot verwagting na die wonderlike dag van U wederkoms.

# Dou in die Dor Woestyn

## Miga 5:6-14

**Video - Oudio**

In die dorre, droeë landskap van Palestina smag alles en almal na ‘n bietjie water, net ‘n ou lafenissie. Wanneer die bloedige son egter agter die horison verdwyn, sak ‘n swaar dou oor die dorre aarde neer wat plant en dier feitlik sopnat laat, en heerlik verfris in die vroeë oggend. Dorstige diere lek dankbaar die dou van die grashalms af en uitgedorde plante suig die vog in om nuwe lewe te kry.

Aan die dorre Skedelkus van Suider Afrika lê die oudste woestyn in die wêreld dor, droog, morsdood. Maar wanneer die misbank voeg-oggend sy sagte donskombers oor die landskap tooi, dan kry hierdie lewelose sandduine skielik lewe. Insekte, geitjies en gemsbokke drink die dou wat kondenseer op die skaars grashalmpies - lewegewende, lawende dou in ‘n wêreld waar die dood lê en loer.

Miga beskryf “dié van Jakob wat oorbly” soos dou in ‘n dorre wêreld, dou wat van die Here kom. Hulle sal tussen baie mense wees. Maar nie alleen sal hulle soos dou wees nie maar ook soos lewegewende sagte reën wat diep in die dorre aarde indring en die wortels van die plante deurdrenk met nuwe lewe.

Ons gelowiges is ook deel van “dié van Jakob wat oorbly” en daar rus dus ‘n baie groot verantwoordelikheid op ons om soos dou en sagte reën te wees in die wêreld waar ons woon en werk. Gelowiges mag net eenvoudig nie “werkloos” sit en wag vir die koms van die nuwe Koning van wie ons in die vorige dagstukkie gelees het nie. Ons woon in ‘n wêreld “tussen baie volke”. Wie is hierdie volke? Almal wat ongelowig is. Daar is diegene wat natuurlik openlik afgode aanbid, soos die Hindoes. Maar die meeste mense met wie ons te doen kry, skaar hulleself onder die vaandel van Christelike geloof, maar hulle bedryf ‘n dooie Godsdiens. Hulle glo in God se bestaan (die duiwel glo dit ook!) en hulle glo selfs dat God die

Skepper is. Maar hulle het nog nooit by Jesus uitgekom nie. Dan is daardie Godsdiens dor en selfs dood soos die Skedelkus.

Dit is juis hier waar ons gelowiges se taak lê, om soos lawende dou of reën vir sulke mense te wees. Ons moet ‘n seën wees vir die omgewing, ‘n bate. Dit is natuurlik nie iets wat jy uit jou eie krag kan doen nie. Net soos wat die dou en die misbank van die Skedelkus ‘n gawe is wat God gee, so kry ons ook die gawe en krag van God om vir mense ‘n lafenis te wees. Hy gee hierdie gereedskap vir ons in ons hande. Maar die verantwoordelikheid lê dan by ons om dit te gebruik.

Wanneer is jy so ‘n lafenis vir die mense om jou? Wanneer alles in jou soos ‘n vars bries, soos dou is. Bloot deur liefde uit te leef en uit te straal is alreeds so ‘n lafenis. Ek begin deur tot die diepe besef te kom van God se groot liefde vir my. Dit behoort in my ‘n oorweldigende vrede en lewensvreugde te

ontketen, iets wat op my gesig en my hele houding gesien kan word. Dit pas net eenvoudig nie by ‘n gelowige om nors en onvriendelik te wees nie, selfs nie eers wanneer dit met jou sleg gaan nie. Onthou: swaarkry is maar net ‘n proses van suiwering om ons sterker te maak, en iets waarvoor ons dankbaar moet wees.

My lewe van vreugde, liefde en vrede moet vir ander ‘n aangename geur wees, sodat hulle honger sal word om ook daardie lewe te wil kry. Dit maak dan deure oop om die Evangelie aan hulle oor te dra.

Maar daar is ook ‘n tweede aspek wat Miga noem - en dit is dat gelowiges soos leeus sal wees. Die beeld wat ‘n leeu uitstraal is een van krag en onoorwinlikheid. As gelowige sê jy nie maar “ja en amen” op alles nie, maar jy kry die krag om te kan standpunt inneem en te kan stry vir die uitbreiding van God se Koninkryk. Natuurlik het die Koninkryk vyande en teenstaanders, en dit beteken dan ook dat gelowiges sterk moet kan staan

onder moeilike omstandighede.

Om egter dou of ‘n leeu te wees, beteken dat ek eers die hand in eie boesem moet steek en regmaak wat daar in my lewe verkeerd is. Maar ek moet ook leer dat ek nie my vertroue op wêreldse dinge kan stel nie, maar alleen op God. Miga praat van “perde en strydwaens en vestingstede” - dinge wat jou ‘n valse gevoel van sekuriteit gee. Vandag kan ons dalk praat van ‘n gesonde bankbalans, ‘n goeie werk of posisie op die kerkraad. Maar dit kan ook wees dat jy jou krag sien in jou goeie Godsdiensbeoefening - ek gaan elke Sondag kerk toe, gee my tiende, help die armes. Jy bult jou geestelike spiere.

Maar dit is alles valse sekuriteite. Jou ware sekuriteit kom alleen van God af - ‘n totale afhanklikheid van God. Dit is Hy alleen wat my die krag kan gee om te kan opstaan in Sy Koninkryk. En dit is Hy alleen wat my verfrissende en lawende dou kan maak in die dor wêreld. Dit mag ons nooit vergeet nie.

Gebed:

Here, dankie dat U vir my al die toerusting gee om diensbaar te kan wees in U Koninkryk. Help my om daardie toerusting met krag te kan gebruik, maar terselfdertyd ook in nederigheid en volle afhanklikheid van U.

# God se Groot Genade

## Miga 6:1-8

**Video - Oudio**

Ons het nou gekom by die tweede hoofgedeelte van Miga. Die eerste deel het begin met ‘n hofsaak, en nou begin die tweede deel weereens met ‘n hofsaak. In ‘n hofsaak word daar dikwels beskuldigings heen en weer geslinger en vuil wasgoed gewas. Liefdeloosheid en haat is dikwels ‘n integrale deel van so ‘n geleentheid. Hierdie een is egter baie anders, want omdat die Here die Regverdige en Liefdevolle Regter is kan ons ‘n regverdige hofsaak verwag.

Miga begin deur die getuies te roep: die berge en heuwels. Hulle was maar al die eeue daar, en hulle het gesien hoe die volk daar aangekom het en wat hulle deur die eeue gedoen het. En hulle het gesien wat die Here alles vir die volk gedoen het. Hulle sou dus kon instaan vir die waarheid van die getuienis wat die Aanklaer teen die volk gaan

lei.

Die aanklag van die Here teen die volk begin op ‘n verrassende wyse. Hy hou nie ‘n klagstaat voor en begin met verdoemende getuienis nie, soos wat ons sou verwag nie. Hy begin deur te vra of die Here nie dalk iets verkeerd gedoen het in die verhouding tussen Hom en Sy volk nie. ‘n Verdere verrassing is dat Hy nie die volk aanspreek as “die beskuldigde” nie, maar as “My volk”. Hy het steeds nie die verbond tussen Hom en Sy volk opgehef nie, ten spyte van hulle afvalligheid. Hy hou steeds nie op om Sy volk innig lief te hê nie, al het hulle ook so ver afgedwaal. “*My volk, wat het Ek aan jou gedoen en hoe het Ek jou vermoei? Antwoord My!*” vra die Here.

Maar die volk het absoluut niks wat hy hierop kan sê nie.

Dan gaan die Here voort en Hy haal aan uit die geskiedenis, want dit is immers die geheue van die volk. Natuurlik sal hulle nog onthou hoe die Here hulle op wonderbaarlike

wyse gered het uit Egipte, daar waar hulle slawe was van die Farao, en waar hulle gedryf was tot op hulle uiterste. Die Here se ontsaglike daad van verlossing daar was, om die minste te sê, asemrowend, verstommend! Die logistieke wonder van God se voorsiening van kos en water aan miljoene Israeliete in hulle tog deur die woestyn, is in vandag se terme haas onmoontlik. Dit sou jare se noukeurige beplanning neem om dit te doen wat binne ‘n paar weke afgehandel is. Die deurtog deur die Rietsee laat vandag nog die groot militêre leiers kopskud in ongeloof.

Nie alleen het die Here hier voorsien nie, Hy het ook die regte leiers op die regte tyd gegee, Moses, Aäron, Josua. En dan gebruik Hy selfs heidene soos Bileam. Wanneer Balak vir Bileam huur om die Israeliete te vervloek, seën Bileam hulle eerder toe die Here hom aanspreek. Die Here haal die plekke Sittem en Gilgal aan, want watter Israeliet sal nie hierdie name onthou nie! Sittem was die laaste plek waar die Israeliete

was voordat hulle triomfantlik deur die Jordaan getrek het om die Beloofde Land te beset. En Gilgal was die eerste plek wat hulle teëgekom het in hierdie nuwe land wat die Here aan hulle gegee het.

Ons word ook gedurig herinner aan ons eie verlede, aan die wonderbaarlike manier wat die Here ons volk gelei en bewaar het. Die wonderwerke uit ons eie geskiedenis is legio. Maar dit is nie net ons volk se geskiedenis nie - dink maar terug aan jou eie lewe, hoe die Here liefdevol voorsien het, dikwels op tye wanneer ons dit die minste verdien het. Ek kan boeke vol skryf oor die Here se voorsiening in my lewe! Die afgelope paar jaar alleen was vir my gekenmerk deur wonderwerk op wonderwerk, en liefde en genade in oorvloed. Selfs deur fisies moeilike tye, kon ek ondervind hoe Hy my gedra het, en steeds dra. Maar die grootste genade nóg was die dag toe Hy my gered het uit die slawerny van die duiwel, daardie dag toe Jesus in my lewe gekom het. Daardie was enige tyd net so groot soos die verlossing uit

Egipte.

Uiteindelik kry die volk ‘n kans om te antwoord (vers 6). Hulle besef maar al te goed hoe verkeerd hulle opgetree het teen die Here, en dan wil hulle die saak probeer regstel. Allerhande soorte offerandes word oorweeg, selfs in groot getalle soos duisende ramme en duisende offers van olie. Hulle oorweeg dit selfs om so ver te gaan om hulle eie kinders, hulle eersgeborenes aan God te offer!

Dit is egter nie wat die Here wil hê nie. Hy vra dat hulle harte verander moet word. As jou hart verander, verander jou lewenswyse ook. Dit wat jy doen is ‘n bewys van wat jy in jou hart omdra. Jesus het dit later opgesom, dat dit beteken om jou medemens lief te hê. Oor hierdie onderwerp, van wat dit presies beteken om liefde uit te leef is reeds baie geskryf. Paulus het dit onder andere in 1 Kor. 13 duidelik uitgespel. Maar dit beteken ook dat ons liefde vir God moet uitleef. Voordat jy kan begin om dit te doen, moet daar eerstens

‘n lewende verhouding met Hom wees. En dit is presies wat Jesus van my en jou vandag vra, ‘n lewende verhouding met Hom.

Gebed:

Here, vandag besef ek net weereens hoe baie U vir my gedoen het, en hoe oneindig lief U my het. Help my asseblief om ‘n lewende verhouding van liefde met U uit te leef.

# Korrupsie

## Miga 6:9-16

**Video - Oudio**

As jy die nuus aanskakel, hoor jy net “Korrupsie!” En as jy die koerant oopmaak, lees jy net “Korrupsie!” Dit het ‘n algemene woord geword in ons samelewing. In die parlement word dit ten sterkste veroordeel, en koerante skryf giftige berigte daaroor. In Amerika skreeu Donald Trump: “Korrupsie!” met die verkiesingsuitslae. En selfs in die hoogste raad van ons land, die parlement, broei korrupsie soos ‘n stinkende rottingstenk. En omdat dit die parlement besoedel het, sypel dit deur na alle vlakke van die samelewing. Korrupsie is aan die orde van die dag in die meeste groot maatskappye - kort-kort is die een of ander invloedryke sakeman in die nuus oor korrupsie. Reuse maatskappye word met miljoene rande beboet oor sogenaamde prysvasstelling - iets wat die arm man tref waar dit die seerste maak, soos die prys van

brood.

Miga praat hard en reguit oor hierdie saak, en hy noem dit by die naam. Korrupsie is niks anders nie as blatante roof! Hy sê dat die winkelier aspris sy maatlyn verander het, sodat wanneer hy ‘n meter materiaal uitmeet, jy eintlik net 90cm kry. Dan is dit mos diefstal! Dieselfde word gedoen met die maatbeker, sodat jy slegs 900ml melk kry as jy betaal vir ‘n volle liter. En jou “kilogram” koring weeg eintlik heelwat minder.

Korrupsie beteken vandag dikwels om ‘n regeringskontrak aan te gaan teen ‘n baie hoër prys as wat dit veronderstel is om te wees, omdat jy omkoopgeld gekry het. Die belastingbetaler is dan die een wat daaronder ly.

Maar ons is baie vinnig om die vinger te wys na die regeringsamptenare, en dan vergeet ons die korrupsie in ons eie lewens. Om iemand anders in te doen, selfs op klein skaal, is steeds korrupsie. Om iemand te kul uit ‘n paar sente uit, is ook korrupsie.

Inderdaad praat Miga met die volk, maar hy praat terselfdertyd ook met jou en my.

Die probleem is dat gelowiges dikwels die kerk van die werk wil skei. Sondag gaan ons kerk toe, en dan is ons engeltjies, sê ons die mooiste dinge en filosofeer ons oor die waarheid en liefde en jou houding teenoor jou naaste. Maar dit is vir Sondag. Kom Maandag, dan word Sondag skoon vergeet, want hy is mos nou verby. En dan is dit maar weer die ou ekke wat net aan myself dink, en nie omgee hoe ek ‘n ander verneuk om my wins te maak nie. Nie omgee hoe ek my medemens uitbuit sodat ek goed kan lewe nie!

Inderdaad is dieselfde God wat ons Sondag aanbid, ook God waar ons sakekontrakte opstel of waar handelstransaksies beklink word. En dieselfde God is ook teenwoordig waar ons werkers se salarisse betaal. En natuurlik is Hy ook teenwoordig waar ons winsgrense vasstel. Of daar waar ek my belastingopgawe invul.

Maar korrupsie kom die een of ander tyd tot ‘n einde, en gewoonlik is dit nie ‘n aangename einde nie. Jy sal die een of ander tyd uitgevang word, en so wreek korrupsie homself. ‘n Land wat bestuur word deur ‘n korrupte regering kom gewoonlik verarm anderkant uit. Sy ekonomie word vernietig. Kyk maar wat het met Zimbabwe gebeur. En wanneer dit eers gebeur, word daardie land ‘n maklike prooi vir sy vyande want dan het hy net eenvoudig nie meer die infrastruktuur om homself te verdedig nie. Hy kan sy politieke onafhanklikheid verloor en ‘n internasionale skande word.

Is daar ‘n antwoord vir hierdie soort situasie? Ek en jy as eenvoudige gelowiges het miskien nie die mag om grootskaalse korrupsie teë te werk nie, maar ons kan ten minste by onsself begin. Die groot geheim is: Leef liefde uit. Jesus het dit opgesom dat ons God moet liefhê en ook ons naaste. Paulus het hierdie begrip wyd omskryf, veral in 1 Kor. 13, waar hy in helder woorde vertel wat ware liefde beteken. In die tien gebooie word

jou liefde teenoor jou naaste helder en duidelik beskryf.

Wanneer ons hierdie Bybelse beginsels toepas in ons lewe, dan is daar net eenvoudig nie plek vir korrupsie nie. En dit beteken geensins om “wetties” te lewe nie, maar bloot die basiese beginsels van liefde toe te pas. Nie ‘n negatiewe: “Jy mag nie steel nie” maar ‘n positiewe: respekteer jou naaste se eiendom. Doen jy dit nie, gaan jou naaste skade ly, en dit is baie beslis liefdeloos. Wees eerlik in saketransaksies, anders kan dit jou medemense dalk groot skade berokken, en dan het jy beslis liefdeloos opgetree!

Ons mag nooit ooit vergeet nie van die groot, onbaatsugtige liefde wat Jesus ons bewys het nie. Die minste wat ons kan doen om dankie te sê daarvoor is om sélf liefde uit te leef teenoor ons naaste, op alle vlakke van die lewe - ook in die handelswêreld.

Gebed:

Here, lei my om in alle vlakke van my lewe sonder korrupsie te lewe, en my liefde ten volle uit te leef.

## Geen Gelowiges Oor Nie?

## Miga 7:1-7

**Video - Oudio**

Het jy al die gevoel gekry dat jy die enigste een is wat oor is wat nog in Jesus glo? Jare gelede het ek by ‘n konstruksiemaatskappy gewerk, en daar het ek werklik gevoel asof ek die enigste gelowige is. Daar het byna nie ‘n naweek omgegaan waar daar nie ‘n dronkpartytjie was nie - wilde partytjies waar daar dikwels ontkleedanseresse betrokke was. En altyd reuse hoeveelhede drank. Een van die direkteure het sy kollega se vrou van hom afgevry. Die twee het steeds saam bly werk - dit was nie so ‘n groot ding nie...... Vulgêre grappies was aan die orde van die dag. Die finansiële direkteur het dikwels sy vrou by die huis gelos en dan in Durban in ontkleeklubs en hole rondgehang tot in die vroeë oggendure. Sy het vir hom bly bid.

Ek het eensaam gevoel, want ek kon by niks inskakel nie. Niemand het my eers uitgenooi

na hulle partytjies nie want hulle het geweet hoe ek daaroor voel. Ek is half-spottend aangekyk as die nat vadoek.

Miga het ook so gevoel, alleen en eensaam, want daar was niemand meer wat sy passie vir God met hom kon deel nie. Oral waar hy kyk rondom hom, sien hy net die Goddelose wat floreer. "**Daar is nie meer 'n gelowige in die land nie!**" kerm hy wanhopig in vers 2.

Kyk ek vandag rondom my, dan is dit met 'n beklemming om die hart wat ek sien hoe die kerkbywoning besig is om te kwyn, al minder en minder mense kom nog kerktoe. En nou met die inperkings, waar ons eredienste uitsaai, kyk al minder mense Sondae na die diens op Youtube. Om 'n voorbeeld te noem: die Durban Middestadgemeente van die NG Kerk was in my jong dae 'n gemeente wat aan die brand was. Daar was gedurig iets opwindend aan die gang. Die twee jong leraars moes net bontstaan om by alles uit te kom in die gemeente. Die gemeente het oor die afgelope jare gekwyn sodat daar

uiteindelik slegs 20 lidmate oorgebly het. Tragies!

Intussen het daar egter ’n groot wonderwerk gebeur, en die kerke van Durban het saamgesnoer om die ou kerkgebou te benut. Vandag word duisende mense weekliks met die Evangelie bereik uit hierdie gemeente, wat nou deur die Durban Metropoolbediening bedryf word. In more se dagstukkie sal ons dan ook sien dat alles baie beslis nie verlore is nie! God is steeds in beheer, al voel dit vir my en jou asof die ganse wêreld geestelik ineengestort het!

Maar terug by Miga se probleem: Hy huil omdat misdaad al hoe meer word - “**almal stel strikke om moord te pleeg**” (vers 2). Klink dit nie bekend nie? Is dit nie maar hoe ons dit vandag ook beleef nie? Daar is net eenvoudig nie meer respek vir ‘n ander se lewe nie. Mense, dikwels selfs skoolkinders, word vermoor vir ‘n selfoon of selfs toebroodjies. “**hulle maak met vangnette jag op hulle broers**” (v 2). Hoeveel keer is

daar nie al die afgelope jare mense in lokvalle gelei, en dan gekaap nie? Dit is walglik. Dit is tragies dat ons samelewing so laag gedaal het. Die gemeenskap het soos 'n vrugteboord geword waar daar net die kaal bome staan sonder enige vrugte - so sê Miga.

Waardes het totaal verlaag. Regeringsamptenare is dikwels die skurke in die samelewing. Hoeveel polisiemanne is daar nie al die afgelope ruk in hegtenis geneem oor misdaad nie? Selfs offisiere met die hoogste range staan vandag onder verdenking! Polisielede is betrokke by dwelm- of misdaadsindikate. Hulle spoor mense aan om verkeerd te doen, en dít terwyl hulle veronderstel is om wet en orde te handhaaf!

Om op regspraak aanspraak te maak, help ook nie meer nie, want die regstelsel is dikwels in onmag gedompel. Dit neem baie jare om 'n hofsaak af te handel, en dan word slegs 'n baie klein persentasie van

misdadigers uiteindelik skuldig bevind.

Van geregtigheid in die samelewing is daar géén sprake nie, want transaksies word dikwels onder die tafel deur beklink op baie bedenklike maniere. Materialisme is aan die orde van die dag - dit domineer die ganse samelewing. Elkeen dink net aan homself. Jy kan niemand meer vertrou nie, selfs nie eers meer jou eie vriende of naby familie nie (vers 5). Alle waardes soos respek, integriteit, eerlikheid, vertroue en ontsag het uit die samelewing verdwyn.

Hoe leef ‘n gelowige in so ‘n siek samelewing? Dit is beslis nie maklik nie. Maar die troos is tog daar: hou net krampagtig vas aan die Here. Hou aan om die Here te dien, ten spyte van die omstandighede rondom jou. “**Ek sal vertrou op die Here.**” sê Miga selfversekerd. Hy wéét waar sy redding vandaan kom. Ek en jy kan vandag nog baie meer so sê, en al ons hoop op God vestig. Hy bly steeds getrou en regverdig, en Hy sal ons nooit beskaam nie.

More sluit ons DV die boek Miga af met wonderlike, positiewe nuus!

Gebed:

Here, alles lyk dikwels so donker rondom my, maar ek weet waar my hulp vandaan kom. Dankie dat ek aan U kan vashou en weet dat U steeds altyd daar is vir my!

# God is Genadig

## Miga 7:8-20

**Video - Oudio**

Het jy al ooit swaarkry beleef in jou lewe? Ek glo nie dat een van ons "nee" kan antwoord op hierdie vraag nie. Sommige van ons lesers het weliswaar al baie swaar gehad in hulle lewens - dit is ons almal se lot. In die slotgedeelte van Miga se boek praat hy dan juis met diegene wat hard geval het, en wat moontlik nou in groot donkerte sit. As dit jou lot is - daar is hoop! Jy kan weer positief die lewe ingaan!

Luister maar net wat sê Miga in vers 8: "*Moet jou nie oor my verlustig nie, my vyand. Al het ek geval, ek staan weer op; al sit ek in die donker, die Here is vir my 'n lig.*" En dan gaan Miga voort: hy vertel dat die volk opreg besef het dat hulle gesondig het en dat hulle dus skuldig is. Nou kan hulle maar net opkyk na die Here, want in die duisternis is Hy die enigste Lig. Die volk het ook besef dat

hierdie verskriklike dinge wat hulle getref het, bloot die gevolg is van hulle eie sonde. Hulle is bereid om die straf daarvoor te dra.

Wanneer daar sonde in jou lewe is, is daar eintlik maar net een uitweg wat sin maak - bely dit! Jesus het Sy dissipels later presies dieselfde geleer: bely jou sondes en erken dat dinge nie reg is in jou lewe nie! Jy sal dan uitvind dat God getrou is, en dat Hy jou vergewe. Hierdie volk kon daarna uitsien dat die Here weer vir hulle lig sou bring en hulle weer sou ophef uit hulle ellende. Ek en jy kan presies net so uitsien na die lig wat alreeds skyn - God se lig, en dat Hy ons uit ons swaarkry sal uitlig.

Miga is baie opgewonde as hy sien hoedat die volk herstel word en die stad se mure herbou word. Die volke wat neergesien het op Israel, sal dan na Israel toe stroom. Sy vyande sal verslaan wees en Israel sal weer outonoom staan, trots om die volk van God te kan wees.

Ek en jy staan ook dalk nou verslae, net soos

Job van ouds wat alles in sy lewe verloor het. Maar kyk net hoe het God hom weer opgehef. Inderdaad kan ek en jy ook weer eendag trots ons koppe lig en mense in die oë kyk, trots om kinders van God te kan wees en te weet dat Hy ons vergewe het en opgehef het!

Verse 14 tot 17 is eintlik ‘n gebed. “*Pas u volk op met u staf, die kleinvee wat u eiendom is, wat eensaam woon in 'n bos in die middel van 'n vrugbare gebied. Laat hulle in Basan en Gilead wei, soos in die ou tyd.*” Hiermee is Miga se gebed dan dat die Here weereens soos in die ou dae die volk se Herder sal wees, soos wat Dawid in sy pragtige Psalm 23 geskryf het: “*Die Here is my Herder - ek sal niks kortkom nie*”. Daar is ‘n hegte band tussen ‘n herder en sy skape. Hy leef saam met hulle in die veld en ken elkeen persoonlik by die naam. Hy weet presies wat elkeen se geite en skete is, en hy gesels met hulle en maak hulle rustig as daar ‘n ondier in die omgewing is.

Wat ‘n pragtige beeld, want net so is die Here. Hy is nie iewers daar bo in die hemel nie, maar Hy is hier saam met ons, Sy kudde, Sy skape. Hy wil net die beste vir ons hê, en daarom sal Hy ons lei na die beste weivelde. Hy ken elkeen van ons by die naam - ken ons deur en deur. Hy gee intens om vir ons. Ja, dikwels moet Hy die kierie, die herderstaf gebruik wanneer ons wil wegbreek en ons eie pad volg. Dit kan dalk seermaak, maar dit is nodig vir ons eie heil.

Toe ons die eerste verse van die boek Miga gelees het was dit dalk met angs wat ons harte omklem het, want die boek begin met die intrapslag met ‘n hofsaak. Maar nou eindig Miga (verse 18-20) met ’n heerlike loflied oor God. Inderdaad is Hy genadig en Hy vergewe. Daar is absoluut niemand soos God nie - Hy is uniek! Hy kan nie vergelyk word met enigiemand anders nie. “*Wie is ‘n God soos U? U is 'n God wat skuld vergewe!*” jubel Miga dit uit. Ons het hier bo gesê dat ons ons sondes moet bely. Dit is egter nie die waarborg dat die sondes vergewe sal word

nie. Die waarborg lê by God alleen, want Hy is die Een wat genadig is. Sy liefde en trou maak dat Hy sondes vergewe. Maar dit word nie alleen vergewe nie - dit word ook totaal weggeneem, sodat God nooit weer daaroor dink nie. Vergelyk gerus maar Jesaja 1:18. Jy hoef nie oor en oor vergifnis te vra vir ‘n sonde wat jy gedoen het nie. As God dit eenmaal vergewe het, is dit verby, so anders as ons mense wat dikwels ‘n sekere oortreding keer op keer teen iemand se kop gooi, al het dit soms al jare terug gebeur.

Dat God sondes vergewe is nie sommer ‘n goedkoop sakie nie. Hy was so ernstig daaroor dat Hy Sy enigste Seun, Jesus laat mens word het, laat verneder het en uiteindelik die hoogste prys laat betaal om my en jou los te koop van ons sondes. Dit was die enigste voorwaarde wat vir God aanvaarbaar kon wees. Vandag is dit die finale waarborg dat ons sondes vergewe is.

In die Ou Testament word dit dikwels vir ons voorgehou dat God ‘n wrede God is wat straf.

In Miga het ons die teenoorgestelde gesien. Al het die mens ook hoé laag gedaal, is God steeds bereid om hom op te tel en uit genade te vergewe en weer op te hef.

Gebed:

Here, dankie vir Miga wat ons net weereens laat besef het hoe groot U genade en liefde vir ons is.

*As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik. Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.*

MOSBOLLETJIE BOEKE

zapper™